



Mondstuk van die canolawerkgroep



Junie 2018 No. 85

VALS DRAADWURM RIG SKADE AAN

Izané Leygonie-Crous

Vals draadwurmlarwes het vanjaar onverwags kop uitgesteek in beide die Swartland en Suid-Kaap. Die graad van skade wat aangerig is deur die larwe is onbekend aangesien dit moontlik is dat die larwe die saailinge alreeds voor opkoms kon takel en laat afsterwe. Menigte kaal kolle, sowel as kolle waar jong saailinge reg by die grondoppervlak geringeleer was, was waargeneem. Vals draadwurms is grondbewoonde peste en is ook die larwe vorm van bekende kewers afkomstig van die Elateridae of Tenebrionidae familie nl. koffiepitte (foto 1).



Foto 1: Koffiepitte (Foto, Piet Lombard)

Die vals draadwurm bewoon gewoonlik graslande of gevestigde weidings waar skade op klein skaal aangerig word. Grondbedekking met plantreste skep voordelige toestande vir die wurm se oorlewing en daarom kan die instelling van minimum bewerking populasies vinnig laat toeneem. Bewerking en braaklê van lande verlaag egter die wurm se populasies. Die draadwurm val alle voor- en na-opkoms saailinge

aan van alle oliesaad-, graan- en peulgewasse in veral liggedreineerde gronde met 'n hoë organiese koolstof-inhoud. Fyn saailing gewasse soos canola is die meeste vatbaar vir draadwurm skade.

Meer oor die wurm...

Die larwe het 'n harde, vinnig bewegende silindriese lyf wat goud-bruin tot swart-bruin of grys in kleur is met op-gepunte sterte (foto 2 en 3). 'n Paar prominente dorings kan ook op die laaste segment van die wurm se liggaam voorkom. Afhangend van die spesie kan die wurm tussen 9-50 mm in lengte groei terwyl hul eiers kleiner as 1 mm in deursnee is.

Gewoonlik kom slegs een generasie voor elke jaar, maar, spesies bestaan wel wat tot 10 jaar kan neem om 'n lewensiklus te voltooi. Volwassenes lê eiers in of reg onder die grondoppervlak (gewoonlik waar stoppels teenwoordig is). Die larwe van meeste draadwurm spesies voed op verterende stoppels en organiese materiaal. Die wurm sal hoofsaaklik voorkom in die grondoppervlak (10-20 mm) indien grondvog toestande optimaal is, maar indien die grondoppervlak uitdroog sal die wurms na dieper gronddieptes beweeg. Voeding sal hoofsaaklik in die nag gebeur wanneer die grondoppervlak voldoende vog bevat.



Foto 2 en 3: Vals draadwurms opgespoor by Hopefield (links) en Roodebloem (regs)

Hoe lyk die skade?

Skade sal in kaal kolle voorkom (grootte van kolle kan wissel). Die grootste skade sal voorkom wanneer gewasgroei vertraag word as gevolg van koue of te nat kondisies. Larwes sal skade aanbring net na opkoms deur om op die hipokotiel (saailing stammetjie) te voed reg onder of by die grondoppervlak. Laasgenoemde sal veroorsaak dat die stammetjie geringeleer word en die saailing eventueel verwelk onder warm kondisies of vrek as gevolg van die afsny van sy vervoerkanale. Groter plante kan ook aangeval word deur die pes, maar skade word op 'n kleiner skaal aangerig (foto 4 en 5).



Foto 4 en 5: Tipiese ringelering skade



Foto 6: Skade tussen kultivar wat behandel is met geskikte saadbehandeling teenoor kultivar wat nie geskikte saadbehandeling ontvang het nie (rooi blok)

Wanneer skade voorkom is dit belangrik om die oorsaakende plaag reg te identifiseer. Stap lande vroegoggend deur terwyl plante wat afgevrete is nog duidelik sigbaar is.

Krap die grond los om die geringeleerde stammetjie tot 'n diepte van 2-3 cm. In meeste gevalle sal die insek wat die plant afgevreet het nog teenwoordig wees. Ander insekte bv. swartmieliekewers en soms snywurms se skade kan maklik met die van valsdraadwurm verwar word.

Monsterneming

Neem 5 gerandomiseerde grondmonsters van die boonste 20 mm van die grondoppervlak van 'n 0.50 m x 0.50 m area en deursoek die grond vir larwes. Bereken die hoeveelheid larwes wat voorkom in 1m². Drempelwaarde: 10 wurms of meer. (Neem in ag dat genoeg plante per m² moet voorkom indien jy met 'n drempelwaarde van 10 larwes/m² werk).

Beheer

Dis belangrik om voorkomend op te tree indien jy die wurm effektief wil beheer. Indien skade aangerig word na saai, is geen behandeling beskikbaar vir beheer nie (McDonald, 1995). Die meeste chemikalieë wat geregistreer is vir draadwurm beheer is saadbehandelings. Beide Tiametoksam (Cruiser) en Imidaklopid (Gaucho) is geregistreer vir ware draadwurm beheer. Alhoewel daar nog geen aktiewe geregistreer is vir die beheer van vals draadwurm nie is ons nie seker of die middels effektief sal wees nie aangesien die wurms afkomstig is van dieselfde familie (geen navorsing bestaan alhoewel wat dit kan bevestig). Raadpleeg jou saadverskaffer voor plant om seker te maak jou saad is behandel met die bogenoemde indien jou lande 'n geskiedenis van draadwurm skade het.

Verder meer, stoppels sal die oorlewing van larwes en volwasse kewers verbeter. Stoppelvrye lande oor die somer sal tot gevolg hê dat larwes en kewers sterf as gevolg van uitdroging onder hoë temperature.

Navrae: Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com

Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer, Prof A Agenbag, Izane Leygonie

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.



PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION